OBARO

Ons nooi jou uit om by die OBARO-span aan te sluit en saam 'n beter toekoms vir ons industrie te bou. OBARO glo daarin om 'n positiewe werkskultuur te kweek wat loopbaan-groei en innovasie aanmoedig, daarom is ons opgewonde om die OBARO kultuur met nuwe lede van die OBARO-span te deel. Met 90+ jaar se ondervinding streef OBARO daarna om die boer se besigheid op elke plaas te wees.

# MAKELAAR
# OBARO Hoofkantoor
# (Thabazimbi Distrik)

## *(Verw.:24/313)*

Geleentheid vir 'n dinamiese individu met 'n sterk verkoopsagtergrond by OBARO Makelaars.

Ons bied 'n uitdagende geleentheid vir iemand met 'n passie vir verkope om by OBARO Makelaars aan te sluit. Hierdie rol is ideaal vir nuwelinge in die bedryf wat by 'n gevestigde handelsmerk wil aansluit en hul korttermyn makelaarspraktyk wil uitbrei met die ondersteuning van ons administratiewe kantoor of 'n bestaande korttermyn makelaar. Die suksesvolle kandidaat sal ook die geleentheid hê om verhoudings met interne rolspelers by OBARO te bou, wat van kardinale belang is vir sukses in hierdie posisie.

OBARO Makelaars is deel van die OBARO Groep, waar die suksesvolle kandidaat aan die Versekeringsbestuurder sal rapporteer.

**Verantwoordelikhede:**

- Ontwikkel en implementeer 'n doeltreffende bemarkingsstrategie om nuwe besigheid te werf en te laat groei, volgens die riglyne van OBARO Makelaars;
- Handhaaf bestaande besigheid deur professionele verhoudings met kliënte te vestig en te onderhou;
- Ontleed en evalueer bestaande versekeringspolisse, bied vergelykende ontledings aan en stel alternatiewe voor aan kliënte;
- Implementeer effektiewe besigheidspraktyke om sukses te verseker;
- Bou en handhaaf sterk verhoudings met beide interne spanlede en eksterne kliënte;
- Bly op hoogte van die nuutste wetgewing en regulasies in die korttermynversekeringsbedryf.

**Vaardighede, Kwalifikasies en Algemene Vereistes:**

- Graad 12 kwalifikasie sal as vereiste dien, en 'n toepaslike nagraadse kwalifikasie sal voorkeur geniet;
- Voltooide NQF 4 Kwalifikasie sal as voorkeur dien;
- Regulatoriese Eksamen Sertifikate (RE1/5) sal as voorkeur dien;
- Rekenaar vaardig en kennis van die MS Office pakket;
- Handhaaf uitstekende kliënteverhouding en sterk kommunikasievaardighede;
- Voorkeur sal gegee word aan kandidate met relevante ervaring in oesversekering en bateversekeringbemarking;
- Sterk geskrewe en verbale kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels;
- Skoon krediet- en kriminele rekord is 'n vereiste;
- Bereidwilligheid om te reis met 'n geldige motorlisensie.

**Om vir hierdie pos aansoek te doen, besoek asseblief ons webwerf by** www.obaro.co.za/careers

**Sluitingsdatum: Donderdag, 15 Augustus 2024.**

*Die aanstelling sal gedoen word in ooreenstemming met OBARO se Gelyke Indiensnemingsplan.*

Deur aansoek te doen vir hierdie pos stem u, in terme van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI), in dat u persoonlike inligting wat verkry word deur OBARO en derde party leweransiers, die inligting mag gebruik en stoor om verwysings na te gaan en vir kredietwaardigheid ondersoeke en statistieke verslag doeleindes. Indien u 30 dae na die sluitingsdatum nog nie van ons verneem het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol is.